

God is altyd bereid om te help in nood

'n Toevlug is 'n plek waarnatoe jy kan vlug. As jy vlug word jou veiligheid bedreig. Jy vlug nooit rustig nie. Nee, jy moet vinnig by 'n veilige plek kom waar jy beskerm kan word. Jy hardloop na veiligheid toe.

Waarheen vlug jy in gevaar, in die storms of tydens die aanvalle in die lewe? Waarheen kan jy vinnig hardloop om veilig te wees? Jy glo mos. Daarom het jy 'n toevlug. God is jou toevlug en beskerming. By God hoef jy vir niks bang te wees nie – nie eers vir aardbewings en tsunami's nie (vs 4). Onthou dat God altyd bereid is om te help in nood. By God beleef jy die rustigheid van rivierstrome in sy teenwoordigheid. God is daar – jy sal nie wankel nie. Kalmeer! Bedaar! Twee keer word jy daarvan verseker dat die Here, die Almagtige God, by jou is en dat God jou beskutting en jou plek van veiligheid is (vs 8 en 12).

Besef jy hoe groot God se almag is? Kyk dan na die ontsettende dinge wat Hy op die aarde tot stand bring:

- Nasies raas, maar as God praat, smelt hulle weg.
- Hy laat oorloë ophou.
- Hy kan doen net wat Hy wil en soos Hy wil.

Die grootste van alle gebeurtenisse wat ooit plaasgevind het en ooit sal plaasvind, is dat God sy Seun, Jesus Christus, gestuur het om aan die kruis vir jou te sterf sodat jy kan lewe. Niks kan jou van God se liefde in Christus skei nie.

Die toevlug wat jy het is die ewige lewe by God. Dit is 'n heerlikheid wat wag, maar wat jy ook nou reeds besit.

Sing: Psalm 46:1-6

Ds. W Vogel (Cachet)